



LEEF JOU REIS

MET GERRIE PRETORIUS



2027 | Rivier . Wildernis . Waterval

25 - 31 Julie 2027



leefjoureis@twf.co.za | gerriepretorius.co.za



Uit die pen van

Gerrie Pretorius

*Music was my first love
but travel is my passion.*

Om waarlik die betekenis te verstaan van die woorde: “Leef Jou Reis” is om te ontdek, af te draai en die alternatiewe roete te vat. Om te eet en kuier saam met die plaaslike mense en onder hulle vel in te kruip sodat ons nie net bloot ‘n toeris is nie maar ‘n reisiger in die ware sin van die woord.

As boorling van Mosselbaai het ek die voorreg gehad om voet aan wal te sit op al 7 kontinente en met 85 lande se besoeke agter die rug wil ons jou saamnooi om deel te raak van ‘n reis familie.

Ons is die “cool kids” van reis en ons doen dit in styl...

Welkom by Leef Jou Reis.





Rivier . Wildernis . Waterval

25 - 31 Julie 2027

ZAR 39 500 per persoon wat deel (twin/dubbelkamer)*

ZAR 45 000 per persoon in enkelkamer*

BOTSWANA • ZIMBABWE

Chobe | Hwange | Victoria-waterval

Van die wildryke oewers van die Choberivier tot Hwange se ongerepte bosveld en die donderende Victoria-waterval – sewe dae van safari, sonsondergange en Afrika op sy mooiste.

Hoogtepunte:

Chobe Nasionale Park:

Die Choberivier vorm die hart van hierdie wildryke gebied, bekend vir groot troppe olifante en 'n besonder ryk verskeidenheid wildlewe.

Hwange Nasionale Park:

Zimbabwe se grootste Nasionale Park, waar uitgestrekte bosveld, oop grasvlaktes en 'n indrukwekkende verskeidenheid wild saamkom.

Victoria-waterval:

Een van Afrika se grootste natuurwonders, waar die magtige Zambezirivier met donderende krag oor die rand van die kloof stort.





Rivier . Wildernis . Waterval

25 - 31 Julie 2027

ZAR 39 500 per persoon wat deel (twin/dubbelkamer)*

ZAR 45 000 per persoon in enkelkamer*


DAG 1: 25 Julie 2027

Van O.R. Tambo na die Choberivier

Vandag los ons die bekende agter en vertrek noordwaarts Botswana toe. Ons avontuur begin by O.R. Tambo Internasionale Lughawe, waar die Leef Jou Reis-span regstaan om jou te verwelkom voor ons die reis saam aanpak.

Met ons aankoms in Botswana verander die wêreld om ons: oop lug, warm bosveld en daardie onmiskenbare gevoel dat 'n Afrika-avontuur voorlê. Ons eerste bestemming is die Chobe Nasionale Park, een van Botswana se bekendste wildkykgebiede. Die Choberivier vorm die lewensaar van hierdie streek en lok groot hoeveelhede wild na sy oewers.

Nadat ons by die lodge ingeboek het, maak ons gereed vir ons eerste rivier-safari. Vanuit die boot ervaar ons die Choberivier van naderby, met olifante wat langs die oewer kom drink, seekoeie wat in die vlak water dobber en krokodille wat bewegingloos in die son lê. Wanneer die middaglig sagter word en die son oor die rivier begin sak, beleef ons ons eerste egte Afrika-sonsondergang van die toer.



Vanaand sit ons saam onder die sterre vir 'n verwelkomingsete. Met lekker kos, goeie geselskap en die eerste stories van ons reis om die tafel, begin ons ons week in die hart van Afrika.


Oornag in Chobe | Aandete

DAG 2: 26 Julie 2027

'n Volle dag in Chobe

Ná 'n rustige ontbyt wag 'n volle dag van wildkyk in Chobe Nasionale Park op ons.

Chobe is veral bekend vir sy indrukwekkende olifantbevolking, maar ons hou ook ons oë oop vir leeus, luiperds, wildehonde, jagluiperds en die talle ander diere wat hierdie gebied hul tuiste noem. Vars spore in die sand, beweging tussen die bome en wild wat rondom die watergate saamtrek, maak elke rit anders.





Rivier . Wildernis . Waterval

25 - 31 Julie 2027

ZAR 39 500 per persoon wat deel (twin/dubbelkamer)*

ZAR 45 000 per persoon in enkelkamer*

Ons stop vir 'n lekker middagete voordat ons ons wildrit voortsit. Ons jaag niks nie; vandag gaan daarvoor om te kyk, te luister en die bosveld op sy eie tempo te beleef.

Teen skemer keer ons terug na die lodge. Die kwik sak, die bos raak stadig stiller en ons geniet ons laaste aand in Chobe met 'n rustige aand om hierdie besondere deel van Botswana vaarwel te roep.


Oornag in Chobe | Ontbyt, ligte middagete en aandete

DAG 3: 27 Julie 2027

Botswana groet – Hwange wag

Ná ontbyt sê ons totsiens vir Botswana en steek die grens na Zimbabwe oor. Ons volgende bestemming: Hwange Nasionale Park.

Hwange is Zimbabwe se grootste Nasionale Park – 'n uitgestrekte wildernis van bosveld, grasvlaktes en waterpanne waar die ritme van die natuur steeds die dag bepaal.



Vir die volgende twee nagte maak ons Robins Camp ons tuiste. Die kamp lê rustig en afgesonder in die noordwestelike deel van Hwange en gee ons die gevoel dat ons werklik diep in die bos is, ver van die besiger dele van die park. Robins Camp het ook 'n lang geskiedenis en vorm dekades lank al deel van Hwange se verhaal.

Nadat ons by die lodge aangekom het, ons bagasie afgelaai en 'n bietjie kon rus het, vertrek ons op 'n middagwildrit – ons eerste kennismaking met Hwange. Wanneer die son sak, keer ons terug kamp toe met die geluide van die bosveld om ons en nog 'n aand van Afrika-bekoring wat voorlê.

Oornag in Hwange | Ontbyt, middagete en aandete





Rivier . Wildernis . Waterval

25 - 31 Julie 2027

ZAR 39 500 per persoon wat deel (twin/dubbelkamer)*

ZAR 45 000 per persoon in enkelkamer*

DAG 4: 28 Julie 2027

Hwange van vroeg tot laat

Vandag verken ons die indrukwekkende Hwange. Met dagbreek vertrek ons op 'n oggendsafari op soek na die Groot Vyf, wildehonde, kameelperde en die ryke verskeidenheid wildsbokke wat deur die park beweeg.

Ons keer terug kamp toe vir 'n middag van ontspanning – hetsy langs die swembad of 'n bederf in die spa met die rustige bosveld in die agtergrond. Vir dié wat die natuur op 'n ander manier wil beleef, is daar ook die opsie van 'n begeleide stap. Te voet verander die perspektief: skielik raak spore, plante, voëlgeluide en die kleiner tekens van die veld kom na vore.

Later die middag klim ons weer in die safarivoertuig vir ons laaste wildrit in Hwange. Die laatmiddaglig gee die park 'n goue gloed voordat ons terugkeer kamp toe.

Oornag in Hwange | Ontbyt, middagete en aandete



DAG 5: 29 Julie 2027

Na die Zambezi en Victoria-waterval

Ná ontbyt groet ons Hwange en reis ons verder in die rigting van die magtige Zambezirivier en Victoria-waterval. By aankoms boek ons by ons hotel in en kry 'n eerste voorsmakie van wat hierdie bekende Afrika-bestemming so besonder maak.

Ons kom vanmiddag bymekaar vir 'n sonsondergang-rivier vaart op die Zambezi. Hou jou oë oop vir olifante, seekoeie, krokodille en die ryk voëllewe langs die rivier.

Vanaand het jy die geleentheid om by die hotel te ontspan, die omgewing te verken of eenvoudig 'n bietjie te rus ná ons aksie-belaide avonture in die bosveld.

Vir dié wat die dorp en sy atmosfeer verder wil ontdek, is daar 'n opsionele aandete-ervaring beskikbaar.

Oornag in Victoria-waterval | Ontbyt



Rivier . Wildernis . Waterval

25 - 31 Julie 2027

ZAR 39 500 per persoon wat deel (twin/dubbelkamer)*

ZAR 45 000 per persoon in enkelkamer*

DAG 6: 30 Julie 2027

Mosi-Oa-Tunya – Die Rook wat Donder

Vandag staan ons voor een van Afrika se groot natuurwonders: die Victoriawaterval, plaaslik bekend as Mosi-Oa-Tunya – “Die Rook wat Donder”.

Tydens 'n begeleide staptoer deur die reënwood beweeg ons tussen die verskillende uitkykpunte en beleef ons die krag van die Zambezi waar die water in die Batoka-kloof neerstort. Die mis, die gedreun en die uitsigte maak hierdie 'n ervaring wat moeilik in 'n foto vasgevang kan word.

Die res van die dag is joune om op jou eie pas te geniet. Kies 'n avontuurlike opsionele aktiwiteit, of verkeer rustig met middagete by Lookout Café vir uitsigte oor die kloof.

Vanaand sluit ons die toer af met 'n tradisionele Afrika-aand: heerlike kos, plaaslike vermaak en die ritme van Afrika om ons. Ons deel stories, onthou die beste oomblikke en vier die herinneringe wat ons saam gemaak het.

Oornag in Victoria-waterval | Ontbyt en aandete



DAG 7: 31 Julie 2027

Tot Siens, Afrika

Ná ontbyt pak ons op en vertrek lughawe toe vir ons vlug huis toe. Ons laat die bosveld agter, maar neem 'n skatkis vol foto's, stories en herinneringe aan Chobe, Hwange en die Victoria-waterval saam met ons.

Ontbyt



Rivier . Wildernis . Waterval

25 - 31 Julie 2027

ZAR 39 500 per persoon wat deel (twin/dubbelkamer)*

ZAR 45 000 per persoon in enkelkamer*

Pakket Sluit In:

- Lughawe-vervoer in Kasane en Victoria-valle (indien van groepsvlugte gebruik gemaak word)
- 2 Nagte verblyf in Chobe, insluitend ontbyt en aandete
- 2 Nagte verblyf in Hwange, insluitend alle etes
- 2 Nagte verblyf in Victoria-waterval, insluitend ontbyt
- Ligte middagete in Chobe Nasionale Park
- Choberivier-sonsondergangvaart, insluitend riviergebruikfooie
- Voldag-wildrit in Chobe Nasionale Park, insluitend parkfooie
- Ligte Middagete in Chobe Nasionale Park
- Oggend- en middag-wildritte in Hwange Nasionale Park, insluitend parkfooie
- Zambezirivier-sonsondergangvaart, insluitend riviergebruikfooie
- Begeleide toer van die Victoria-waterval, insluitend toegangs- en reënwoodfooie
- Tradisionele Afrika-aandete en aandvertoning in Victoria-waterval
- Alle vervoer soos per die reisplan

Pakket Sluit Uit:

- Vlugte tussen Botswana, Zimbabwe en Suid Afrika
- Binnelandse vlugte in Suid-Afrika
- Verpligte reisversekering
- Fooitjies
- Middagetes en aandetes (tensy anders gespesifiseer)
- Drankies (tensy anders gespesifiseer)
- Persoonlike uitgawes
- Opsionele uitstappies





Rivier . Wildernis . Waterval

25 - 31 Julie 2027

ZAR 39 500 per persoon wat deel (twin/dubbelkamer)*

ZAR 45 000 per persoon in enkelkamer*

Dinge Om Te Onthou:

- Jy benodig 'n paspoort met twee skoon bladsye wat geldig is vir 6 maande ná terugkeer (31 Januarie 2028).
- 'n Leef Jou Reis-spanlid sal deurentyd beskikbaar wees om met alle vrae en inligting te help.
- Opsionele ekstras word aangebied met behulp van die Leef Jou Reisspan, maar toerlede is vry om te kom en gaan soos hulle wil.
- NB: Jy is in goeie hande en kan eenvoudig agteroor sit en die reis geniet, maar ook jou eie pas bepaal. By Leef Jou Reis stap ons graag, maar daar is alternatiewe opsies wat spontaan opduik en ons kan selfs 'n taxi huur.
- Om die besienswaardighede op hierdie toer ten volle te kan geniet, moet jy fiks wees en in staat om gemaklik sowat 5 kilometer deur die dag te stap.
- Kom met 'n oop gemoed en maak nuwe vriende.
- Ongeveer 'n week voor ons vertrek, skep ons 'n WhatsApp-groep om inligting deur te gee. Dit is jou kommunikasiekanaal met Leef Jou Reis. Maak asseblief seker dat jy al die korrekte selfoonnommers op jou besprekingsvorm verskaf om by die groep ingesluit te word. Tydens en ná die toer sal ons ook foto's en video's hier deel.
- Neem asseblief ook kennis dat, indien nodig, ons van die dae se programme kan uitruil om seker te maak dat jy die beste reiservaring het.
- Die programme sluit bed en ontbyt, aandetes, middagetes en toere soos aangedui, in.



Neem asseblief kennis dat hierdie Leef Jou Reis-toer begelei word deur 'n uiters bekwame en kundige span. Daar is te alle tye 'n Leef Jou Reis-spanlid wat gereed staan om enige bystand te verleen. Vanweë Leef Jou Reis se volgepakte jaarprogram, is dit helaas nie moontlik vir Gerrie om persoonlik by alle toere teenwoordig te wees nie. Hoewel sy teenwoordigheid dus nie gewaarborg kan word nie, kan jou gerief en genot wel deur ons geesdriftige toerleiers gewaarborg word!



Rivier . Wildernis . Waterval

25 - 31 Julie 2027

ZAR 39 500 per persoon wat deel (twin/dubbelkamer)*

ZAR 45 000 per persoon in enkelkamer*

Wat Nou...?

Stappe om jou plek op die Botswana en Zimbabwe-toer te verseker:

STAP 1

Laat weet ons of jy hierdie opwindende toer wil meemaak, en stuur vir ons jou e-posadres en selfoonnommer. Ons sal dan die besprekingsvorm stuur wat jy moet voltooi en terugstuur saam met 'n afskrif van jou paspoort en bewys van betaling van die deposito na leefjoureis@twf.co.za.

STAP 2

Hierdie reisplan is baie volledig en behoort al die inligting te bevat wat jy gaan benodig. Ons stig nader aan die tyd 'n WhatsApp-groep vir verdere kommunikasie. Maak dus asseblief seker dat jy die korrekte selfoonnommer verskaf. Indien jy enige vrae het, stuur gerus 'n e-pos of 'n whatsapp na 082 923 3626 - ons help graag.

STAP 3

Raak solank opgewonde en begin uitsien na 'n ongelooflike reis!

Deposito:

- Om jou plek op hierdie baie spesiale toer te verseker, vereis ons 'n nie-terugbetaalbare deposito van R10 000. Neem asseblief kennis dat ons verplig is om die deposito en administrasiefooi aan ons operateurs te betaal. Lees dus asseblief die bepalings en voorwaardes soos op die webwerf vervat.
- Die tweede betaling van R10 000 is teen 15 Desember 2026 betaalbaar en 'n verdere R10 000 teen 20 Januarie 2027
- Die wisselkoers vir die toerprys is gebaseer op 1USD = R18, sodat ons alle kostes en wisselkoers verskille tydens betalings na die buiteland kan dek. Dit word bepaal op die bedrag en die datum wat ons ons verskaffers betaal.
- Pryse is gebaseer op elektroniese betalings.

Bankbesonderhede & Prys

Rekening Naam	:	LeefJouReis TWF
Bank	:	Standard Bank
Takkode	:	051001
Rekeningnommer	:	012324523

Deposito verwysingsnommer: ZIM27 + NAAM & VAN

Maak asseblief seker jy gebruik die korrekte verwysingsnommer en jy stuur 'n bewys van betaling aan ons by: leefjoureis@twf.co.za.

ZAR 39 500 per persoon wat deel (twin / dubbelkamer)*

ZAR 45 000 per enkelpersoon*



LEEF JOU REIS

MET GERRIE PRETORIUS

VIR MEER INLIGTING KONTAK ONS GERUS OP:

Selfoon: +27 82 923 3626

Epos: bookings@gerriepretorius.co.za | leefjoureis@twf.co.za

Webwerf: www.gerriepretorius.co.za

BLY OP HOOGTE EN VOLG ONS OOK OP SOSIALE MEDIA:

 Leef jou Reis Vriende  @GerrieOfficial  @Gerriepret

 Leef jou Reis met Gerrie Pretorius

Managed by **Travel With Flair**

At your service!

Site


www.twf.travel | 0861 777 747



 **TWF**
INCENTIVES, MEETINGS & EVENTS (Pty) Ltd